NOVEMBER 2025

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"Blink and you'll miss it the way our children stretch towards the sky growing up in the blink of an eye." Anonymous

Om kinders te sien groot word en op alle vlakke te sien ontwikkel, is een van die grootste voorregte in 'n onderwyser se lewe. Ons werk en speel en lag saam met hulle elke dag en as jy jou oë knip, is die haasbek kindjie 'n gr 7 seun of dogter, 'n jong volwassene reg om die hoërskoollewe te gaan aanpak.

Vir ouers is dit dieselfde ervaring met ons eie kinders en dit tref ons skielik dat ons verbaas is om te sien hoe groot hulle skielik is. 'n Mens kan nie anders as om te voel dat dinge té vinnig gaan nie en omdat die lewe so besig is, dat ons baie gemis het.

Ek dink dit is absoluut normaal om so te voel, maar ons as ouers moet dit as les neem om seker te maak dat ons soveel as moontlik deel van ons kinders se lewe elke dag sal wees. Om kinders groot te maak is 'n voorreg en 'n present van God. Kom ons geniet elke oomblik daarvan!

My beste wense vir elke gesin in ons skoolfamilie.

*Pieter de Bruyn*



## KARAKTERKAMPIOENE

Dis met trots dat ons die volgende leerlinge as karakterkampioene aankondig. Dit is dan ook die laaste karakterkampioene vir 2025.

Graad 1: Cobus de Wet vir Netjiese werker; Kiani Smith vir Vriendelik en behulpsaam .

Graad 2: Ashchin de Klerk vir Harde werker.

Graad 3: Zack le Roux is 'n voorbeeld vir ander.

Graad 4: Marlizéy van Zyl vir mooi aangepas in die nuwe skool.

Graad 5: Niël de Wet gee om vir sy mede klasmaats.

Graad 6: Wikus Bothma vir Harde werker en altyd sy beste gee.

Graad 7: Pieter Jooste vir Respek vir onderwysers.

## ERKENNINGSAANDE

Vryf solank die skoolskoene blink!



# KERSIEFEES




Druk hier om 'n kaartjie te koop!

## GRONDSLAGFASE ASSISTENT

Lizzy Alkaster verlaat ons aan die einde van die jaar. Ons wens haar voorspoed toe vir die toekoms en vir die groot vreugdes wat voorlê. Baie dankie vir die jare se getroue hulp en liefde vir ons personeel en kinders.

Anastacia Visagie, oudleerder en huidige WKOD assistent by ons skool, is aangestel in Lizzy se plek. Ons is saam met haar opgewonde en weet dat sy ook 'n aanwins vir ons skool sal wees.

# PRETDAG

28 November is die einde van die eksamen gevier met 'n FESTIVE pretdag!
Baie dankie aan Chrisna du Toit vir al haar reëlings by die snoepie en al die mammas wat haar gehel het.
Dankie aan juffrouens Suretha en Christi met al hulle beplanning.
Ons wenners sal in die laaste Lakoboknuus verskyn.

# NETBALKLINIEK

Met groot opgewondenheid hou ons weer volgende jaar 'n netbalkliniek op 20 en 21 Feb. hier by die skool. Francois Nel het sy NSA vlak 3 en hy is geakkrediteer by Australië om af te rig. Hy is ook die Direkteur van afrigting by Ultimate Coaching.
Juf. Lize sal nader aan die tyd die kostes deurgee en die tye.
Sit solank 'n geldjie weg sodat jy dit nie misloop nie.



LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD
NET DIE BESTE

## Erkenningsaande

**Datums:** Pre R tot Graad 3
2 Desember 2025
Graad 4 tot Graad 7
3 Desember 2025

**Tye:** Kinders meld om 18:00 by kerksaal (Ba'bino se kant) aan.
Die aand begin 18:30.

**Kleredrag:** Kinders wat skooldrag skool toe dra, kom in somersdrag met skoolskoene. Kinders wat met gewone klere skool toe kom, trek netjiese gewone klere met skoene aan.

**Ouers is welkom om van 18:00 af die kunsuitstalling in die kerksaal se voorportaal te besigtig.**
**Geen eet- of drinkgoed word by die saal ingeneem nie.**

Ons sien uit om u te ontvang.

# TENNIS

## BOLAND PLATTELAND TENNIS



Baie geluk aan Helene du Toit wat SILWER gewen het vir die Boland Platteland span die naweek van 9 November 2025.

## WES-KAAP KAVALIER PROEWE

Baie geluk aan:Helené du Toit, Daniël du Toit en Cara van den Heever wat 5-7 Desember 2025 deelneem aan hierdie proewe.

**ONS TENNISPELERS IS BESIG MET UITSPELE VIR DIE EERSTE TENNISSPAN. BAIE DANKIE VIR DIE SAMEWERKING VAN OUERS EN LEERDERS.**

## GTA TENNISTOERNOOI STELLENBOSCH





Behalwe dat tennis baie taai is, is dit ook tonne pret! Hierdie 8 leerders het hulle beste gegee op die baan en lekker bande gebou. EN, natuurlik moes ons 'n roomys eet na die warm dag.

# BELANGRIKE 2026 DATUMS

Juf. Lize gee solank die volgende datums deur met die kostes daarby.

26 - 28 Maart: Karookoptoer o.13 Netbal en Rugby R 1 680 per speler

11 - 13 November:
Buitelugkamp (Bergkroon terrein - ons wissel elke jaar)
Gr. 5 - 7 leerders R 1 105 per leerder.

# TRANSKRIBEERDERS


Baie dankie aan elkeen wat gedurende die eksamen vir sommige van ons leerders gelees en -skryf het. Ons is dankbaar vir julle tyd en hulp.

Barbara, Elzanne, Cecile, Karen, Natalie, Alisha, Lizzy, Anastacia, Francelene, Frieda en Allison

# ALGEMENE KENNIS


ALGEMENE KENNIS

Ons is baie trots op die volgende uitblinkers! Hulle presteer mooi in die laaste algemene kennis toets van die jaar.



Graad 4
1 - Katryn Very
2 - Gabriella du Toit
2 - Quinnicia Scheffers
2 - Armand Schoeman

Graad 5
1 - Melia Burger
1 - Niël de Wet
2 - Andru Schoeman
3 - Sebastian van Zyl



Graad 6
1 - Jean Dreyer
2 - Wikus Bothma
2 - Zoey Carolus
2 - Simone George
2 - Ian Naude
3 - Dinozzo van Huffel

Graad 7
1 - Rian Engelbrecht
2 - Lukas Fabricius
3 - Gys du Toit
3 - Mia van den Heever

# D6

Die d6-skoolkommunikasieplatform is onlangs opgegradeer met 'n verbeterde voorkoms en funksionaliteit. Ouers kan instruksies volg via skakels wat hieronder gedeel word. Dankie dat u help om kommunikasie tussen skool en ouers doeltreffend te maak!

**School**
Stay connected with the d6 School Communicator! Simplify school-parent communication with instant access to important updates, events, and...
d6groupsa

# NUWE LEIERS



Baie geluk aan die volgende leerders wat as prefekte verkies is:
V.l.n.r. Ben van der Merwe, Jean Dreyer, Wikus Bothma, Mia Gagiano, Junishia Muller en Zoey Carolus.

# 2026 BEGROTING

Google Meet

Ons eerste Aanlyn Begrotingsvergadering was 'n sukses met 'n geldige kworum wat die 2026-begroting goedgekeur het. Dankie aan alle ouers vir hul ondersteuning en deelname. Die 2026-skoolfonds word op die nodige kommunikasie platforms gedeel

# EISTEDDFOD






Ons spog graag met Luah du Toit se pragtige kuns. Sy ontvang die prys vir die beste kunswerk (verf) in Graad 4. Sy neem kunsklasse by Ilanie du Toit. Pragtige werk! Ons is baie trots.



Baie geluk aan Sebastian en Luka van Zyl wat beide Cum Laude behaal het met hul voordrag tydens hierdie jaar se Eisteddfod. Ons is baie trots op hierdie twee boeties.

## VERIFIKASIE VAN OUERS- EN LEERDERINLIGTING

Ons herinner ouers aan die jaarlikse verifikasie van ouers- en leerderinligting, wat belangrik is vir:

- Nuwe kontakbesonderhede en noodinligting
- Effektiewe kommunikasie tussen skool en ouers, bv 2026 Skoolfonds- en bustariewe
- Voldoening aan die POPI-, Sosiale media wet en Vrywarings
- Regte toewysing van hulpbronne

Ouers word versoek om hul besonderhede betyds te bevestig en op te dateer. Dit geld vir beide biologiese ouers of wettige voogde Die skakel word binnekort gedeel. Dankie vir u samewerking!

# WELKOM WELKOM WELKOM WELKOM



Ons skoolgemeenskap is verheug om vir Juf Erize van den Berg hartlik welkom te heet. Sy sluit by ons span aan as die Graad 6-registeronderwyseres, en ons sien uit na die entoesiasme, toewyding en passie wat sy na die klas en skool gaan bring. Mag haar tyd hier vol vreugde, groei en sukses wees!

# SPERDATUMS & KOMMUNIKASIEKANALE

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE EN ADMINISTRASIE - SAAM MET OUERS

In ooreenstemming met die DBE-riglyne vir die Wes-Kaap, is daar sekere administratiewe prosesse wat ons moet volg. Om hierdie rede herinner ons ouers daaraan om stiptelik by sperdatums te hou en administratiewe versoeke betyds af te handel. Dit verseker dat ons skool se prosesse glad verloop en dat ons aan wetlike vereistes voldoen.

Ons personeel doen voortdurend moeite om vooruitstrewend en op datum te bly met die nuutste vorme van kommunikasie en digitale platforms. Ons vra dat ouers dieselfde toewyding toon — deur aktief deel te neem aan die platforms wat die skool gebruik, soos d6, WhatsApp-groepe en communities.

Ouers wat nie toegang het tot die nodige toepassings, data of lugtyd nie, of nie deel vorm van ons kommunikasiekanale nie, ervaar dikwels uitdagings wat hul betrokkenheid en hul kind se ondersteuning beïnvloed. Dit kan lei tot gemiste inligting, administratiewe vertraging en onnodige verwarring.

LAAT ONS SAAMWERK OM INGELIG, VERBIND EN VOORBEREID TE BLY - VIR ONS KINDERS SE BESTE BELANG.

# NUWE SBL-LID



Die skool wil graag Mnr. Christi van den Heever van harte gelukwens met sy verkiesing tot die Skoolbeheerliggaam (SBL) van Laerskool Koue Bokkeveld.

Mnr. van den Heever bring waardevolle insig en betrokkenheid na die span, en ons is opgewonde oor sy bydrae tot die bevordering van gehalte onderwys en die belange van ons leerders en ouers.

'n Groot dank aan alle ouers vir hul deelname aan die proses en vir die ondersteuning van ons skoolgemeenskap.

# LEIERSKAPONTWIKKELING



Op die 27ste November het ons Graad 6 en 7's van 2026 'n leierskapontwikkelingsessie gehad. Baie dankie aan Didi van Zyl, Karen Erasmus en lede van die Youth wat dit kom aanbied het. Ons nuwe leiers is gereed vir 2026.



# Melkbosstrand



Vanjaar het die gr. 5 tot 7 leerders `n nuwe buitelugskool besoek. Volgende jaar werk ons weer deur Wes-Kaapland Jeugtrust om `n nuwe terrein, kennis en aktiwiteite aan te pak. Ons almal het iets nuuts geleer by oom Albert, die kampleier. Die kinders het dit vreeslik geniet en party het hul vrese oorkom. Dankie aan oom Dawid en Elton vir die veilige vervoer na en van Melkbos. Juffrouens Rolien, Lize, Sumi en Christi wat mooi na die kinders gekyk het en seker gemaak het almal kom veilig terug.

Ons sien uit na volgende jaar se nuwe uitdagings en pret.



# PRETDAG met BUURSKOLE

## 104 kleuters het op 12 November 2025 deelgeneem aan ons PRETDAG!













# ‘DOUBLE TROUBLE’ Tennistoernooi

## 24 spanne neem deel aan ons toernooi!

## TONNE PRET!



Wenners



Tweede plek



‘Best Dressed’



‘Best Dressed’



‘Best Dressed’







